# WEG

NERINE AHLERS
ALET STEENKAMP

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

# EEN

## SONDAGAAND

"KNOCK-KNOCK!" Zack tik met sy kneukels teen die woonsteldeur. "Twee pizzas met ekstra kaas vir twee nul drie!"

Die ketting klap, die sleutel draai en die deur vlieg oop.

"Zackie!" Niekie pluk die twee warm pizzabokse uit sy hand en gaan sit dit in die oopplankombuis op die werksblad neer. Haar blou oë blink en haar lang swart hare val deurmekaar oor haar skouers. Die oorgroot hemp wat oor haar jean hang, is soos gewoonlik vol verfmerke. "Wonderlik! Dit ruik hemels! Ek het nie eens agtergekom dis al so laat nie. Ek is so honger, dit voel asof ek verlede week laas geëet het."

"Dis ook al hoekom jy met my uitgaan, Niekie Oberholzer," brom Zack glimlaggend en druk die deur agter hom toe. Hy laat val sy rugsak langs die tafel en druk haar styf teen hom vas. "Om op 'n Sondagaand gratis pizza-aflewering te kry!" Hy frons. "Waar is jou selfoon? Ek probeer jou al die afgelope uur in die hande kry."

"Pap. Ek het vergeet om dit te laai."

"Nieks! Hoekom is dit dan so moeilik om te onthou?"

Sy trek haar skouers op.

Die roomkleurige gordyne is nog oop en hy loop dadelik na die groot vensters om dit toe te trek. "Kyk net

daar, daardie ou skuins bokant ons het die een of ander oefensessie." Hy draai na haar terwyl hy die gordyne in die middel sorgvuldig oormekaarvou. "Sodra jy die ligte aansit, moet jy die gordyne toetrek, Nieks. Daar is net 'n parkeerterrein tussen die geboue. Hulle is heeltemal te na aan mekaar. Ek weet jy dink jy is veilig hier op die tweede verdieping, en veral met Amelie langsaan, maar jy wil nie 'n perv in die oorkantste blok idees gee nie. Met die ligte aan kan hulle alles sien wat jy doen. Ek het jou ouers belowe om na jou te kyk en jy maak dit nie maklik nie."

Niekie vries waar sy besig is om die servette uit die gleufies in die bokse te haal. "*Maak dit nie maklik nie?* Ek is agtien jaar oud, Zack, en nie meer 'n kind nie. En jy is nie die enigste persoon in my lewe wat vir my omgee nie. Amelie mag my niggie wees, maar sy is ook 'n vriendin en oom Simon sal my enige tyd met enigiets help. Ek haat dit as jy met my praat asof ek in graad drie is. Laai jou selfoon! Maak toe jou gordyne!" Sy storm by hom verby en ruk die regterkantste gordyn weer oop. "As ek my gordyne wil oophou tot vieruur in die oggend sal ek, en niks wat jy of enigiemand anders sê, gaan my van plan laat verander nie."

Hulle sien die man in die oorkantste gebou wat sigaret in die hand oor die balkonreling leun en met belangstelling na hulle kyk.

Niekie pluk die gordyn weer toe en bly doodstil staan. Met 'n sug laat sy haar arm sak. "Ek het net vergeet, oukei? Ek was besig om te verf en toe sien ek nie dis donker

nie. Eers toe jy klop, het ek besef hoe laat dit is." Sy kom kruip onder sy ken in. "Ek is jammer, Zackie, regtig."

Hy druk haar teen hom vas. "Dis oukei, ek is maar net bekommerd oor jou so alleen."

Sy wikkel haar los. "Het jy toe darem vanmiddag geswot gekry?"

"Jip, ek het somme uitgewerk dat die rook trek."

"Speel julle nog Vrydagmiddag rugbywedstryd?"

"Ja, dit is die semifinaal van die reeks en major, al begin die rekordeksamen ook daardie oggend." Hy sit sy arm om haar. "En wanneer speel julle?"

"Saterdag. Stadsbeker-finaal. Ons oefening dié week gaan baie belangrik wees. Baie tegnies. Ons gaan nie soveel hokkie speel as beplan aan 'n strategie nie."

Hy druk haar met sy een arm vas. "Groot week vir ons albei. Hoe ver is jou skildery?"

"Amper klaar, maar nou maak daai pizzas se reuk my mal." Sy tel die kwaste op en loop wasbak toe. "Ek gaan eers plek maak op die tafel."

Hy kyk na die eetkamertafel wat vol verf en boeke lê. "Kom ons eet liewer op die bank voor die TV." Terwyl sy haar kwaste was, dra hy die pizzabokse na die lae tafel voor die televisie.

"Wanneer is Amelie weer terug?" vra hy.

"Teen die naweek een of ander tyd. Hierdie internasionaal-vlieëry is 'n ander ding. Ek dink nie eens sy weet altyd of sy kom of gaan nie."

"Maar dis 'n lekker manier om die wêreld te sien – en daarvoor betaal te word ook."

Niekie werskaf in die kombuis. "Liewer sy as ek. Om vir – hoeveel? – tien uur of meer mense te bedien en vir hulle goed aan te dra in 'n vliegtuig? Nee, wat. Intussen kla ek glad nie. As dit nie vir haar was wat reg langs my gebly het nie, sou my ma-hulle my nooit, ooit alleen gelos het nie." Sy lag. "En al wat ek moet doen, is om elke dag Amelie se boksgroentetuintjie op die vensterbank nat te gooi terwyl sy vlieg."

Zack tel die servette op. "Kan ek help?"

"Nee, dankie." Sy glimlag oor haar skouer. "Ek bring net nog iets vir ons hande."

Jack Johnson sing in die agtergrond.

Zack val op die bank neer en tel die afstandbeheer op. Hy begin deur die kanale klik, maar niks trek sy aandag nie.

Hierdie woonstel van Niekie is eintlik baie lekker. Nie te groot nie, maar ook nie so klein dat 'n mens voel asof jy nie kan asem kry nie. Die oopplan-leefarea is regtig ruim, en die slaapkamer ook, met sy en suite-badkamer. Hy is bly sy kon langs haar niggie kom bly. En Amelie is darem al vyf en twintig. Nie dat hy verstaan hoe ouers hulle matriekdogter net so kan los en oorsee gaan nie! Haar ouers hét die geleentheid van 'n leeftyd gekry om vir 'n jaar as argitekte by 'n groot buitelandse firma te werk, maar nog steeds.

"Het jy al weer van jou ma-hulle gehoor?" vra hy toe sy langs hom kom sit, die pizzabokse nadertrek en oopklap. Die geur van warm pizza styg dadelik in die lug in.

"Nee, ek verlang so na hulle, veral op Sondae, want

dit is wanneer ons altyd gebraai en op die stoep gekuier het." Sy vee met die agterkant van haar hand oor haar oë wat skielik vol trane is.

"Ai, Nieks!" Hy lig 'n sny Hawaiian-pizza met lang toue kaas uit die boks en gee dit vir haar aan. "In plaas van jou pa se skaaptjoppie."

Haar tande sak in die geurige kaas en ham weg. "Hmm. Niks is darem lekkerder as 'n pizza nie!"

Hy skeur vir hom drie stukke van die salami-pizza af en begin dadelik eet. Die smaak van sampioene, kaas en salami is hemels. Dis mos hoe 'n pizza moet proe!

"Het jy kans gehad om na die finale rekordeksamenrooster te kyk?" vra sy en vee haar hande aan 'n servet af.

"Ek het gister gekyk. Al wat hulle gedoen het, was om die IT- en RTT-vraestelle om te ruil. Die res van die rooster bly 'n riller. Volgende week skryf ek omtrent elke dag."

Sy sug. "En die eksamen is 'n maand lank."

"En direk daarna is dit die Oktobervakansie en as ons terugkom, is daar iets soos drie of vier dae skool oor."

Sy leun agteroor teen die bank se leuning. "Dit beteken ons het nog net hierdie week klas."

"Dit is erg, nè?"

Ná die derde sny pizza frommel sy haar servet op en stoot die pizzaboks na hom toe. "Dit was nou lekker, maar ek is versadig."

"Dankie." Met 'n glimlag vou hy die orige stukke pizza op mekaar. "Gelukkig vir jou is ek nog honger."

Sy maak die bokse en servette bymekaar en sit dit

langs die asblik neer. "Ek moet verf. Die kunsportefeuljestukke moet oormôre in wees, want ons punte moet na die Departement toe gestuur word."

"Pas my." Hy haal sy FW-boeke uit. "Ek het 'n ou vraestel by Zukile gekry wat ek wil uitwerk."

Sy skop haar skoene uit, gaan sit met een been onder haar ingevou voor die esel en steek haar lang swart hare sommer met 'n verfkwas se punt in 'n bondeltjie op haar kop vas. Terwyl haar hand sekuur en doelgerig tussen die palet vol kleure en die verfdoek beweeg, begin sy sag in haar heserige stem saam met Jack Johnson sing.

*It's always better when we're together*
*Yeah, we'll look at the stars when we're together*
*Well, it's always better when we're together*
*Yeah, it's always better when we're together ...*

Hy skuif so dat hy haar tussen sy FW-vrae deur kan dophou. Hy wil net sy oë so nou en dan oor sy beeldskone meisie laat gaan. Daar waar sy heeltemal in haar eie wêreld sit en verf, kop skuins gedraai, skouers effens vooroor geboë.

Toe hy die laaste vraag op die eerste bladsy gedoen het, staan hy op. "Koffie of koeldrank?"

Sy reageer nie en hy gaan haal 'n bottel lemoensap uit die yskas en skink twee glase vol.

Haar oë en mond begin in 'n fyn glimlag trek toe sy besef dat hy by haar staan. "'Skuus, Zack-man, het ek jou verwaarloos?" Met haar oë steeds op die doek, verf sy nog 'n subtiele skaduwee in.

Hy voel altyd half skuldig as hy haar konsentrasie

verbreek, maar 'n mens kan darem ook nie net werk nie. "Nee, ek is maar net dors." Hy sit die glas lemoensap langs haar op die tafel neer. "Hier is iets om te drink."

Sy leun oor en druk haar kop teen sy skouer. "Jy bederf my. Wat sal ek ooit sonder jou maak?"

Hy adem haar geur diep in. Soms ruik haar hare na appel, soms aarbei, maar haar geur vanaand is die reuk van katjiepiering. Lig en soet.

Hy sit sy arms om haar en trek haar teen sy lyf vas – hy verwonder hom oor hoe fyn en broos sy is. Sy vat hom skaars by sy ken. Maar daar is niks kleins of broos aan haar gees nie.

"Wanneer ek hier klaar is, gaan ons hierdie stad rooi verf," sê sy teen sy bors. "Waarvoor is jy lus? Sal ons môreaand Reagan's toe gaan en vir oulaas voor die eksamen gaan dans?"

"Nee, dit sal moet wag tot na die rekordeksamen."

"Wil jy nie gaan fliek nie? As ons na die kwartoorvyfvertoning by Brooklyn gaan, kan ons ná die tyd hot chocolate drink by Mugg & Bean."

Hy tel haar op en sak met haar op sy skoot in die leunstoel in die hoek neer. "Ons rooiverwery sal moet wag. Ons moet swot en ons moet nog by ons sportoefeninge ook uitkom. Ek moet net goeie punte kry vir daardie beursaansoek."

Sy sit haar arms om sy nek. "Die leervakke is eers volgende week. Vrydag is net stelwerk. Ons het nog baie tyd. Toe!"

"No can do. Ek moet swot. Ek kan nie in die week

uitgaan nie. Ons het mos klaar besluit om iets lekkers te doen vir jou verjaardag."

"My verjaardag is nog amper twee weke weg. Toe, asseblief, ek het so hard aan hierdie skildery gewerk." Sy druk haar kop onder sy ken in. "Net 'n ou klein brekie, 'seblief, Zack-man? Ek moet net 'n bietjie wegkom!"

"Ek kan nie, Nieks, hoe graag ek ook al wil."

Sy gly van sy skoot af en staan op. "Ons doen ook net altyd wat jý wil. En as ek een ou keertjie wil gaan fliek, is dit te veel gevra."

"Dis nie waar nie en jy weet dit. Jy is die een wat heeltyd saam met jou vriendinne wil kuier as ek iets spesiaals wil doen."

"Verlede keer wou jy daardie spioenasiefliek gaan kyk het en toe ..."

Zack sug. "Oukei dan, ek kom kry jou môremiddag vyfuur vir 'n vinnige burger. Dis al tyd wat ek kan afknyp. Dan het ons nog die res van die aand om te werk."

"*'n Vinnige burger?* Ag nee, Zack, rêrig?" Sy gooi haar pienk kussing na die stoel in die hoek. "Ek wil gaan fliek. Daar is 'n vreeslike mooi romantiese komedie wat ek net móét sien."

"Niekie, ek kan regtig nie. Ek moet Wiskunde en FW leer. My rooster volgende week is aaklig – ek het jou gesê."

"Ek dink nog steeds jy kan daardie tyd afstaan. Dit gaan nie regtig 'n verskil maak nie, Zack. Wat is twee, drie uur nou uit 'n volle week?"

Hy bly liewer stil. Nie omdat hy wil nie, maar omdat

hy nie 'n keuse het nie. Hy moet sy rekordeksamenpunte saam met die beursaansoek instuur. As hy vir 'n beurs in aanmerking wil kom, moet sy punte uitstekend wees.

Sy tel die leë glase op. "Ek wil regtig graag gaan fliek," sê sy vies. "Regtig. En ..." sy kyk hom berekenend aan, "... as iemand my vir fliek nooi, al is dit Nolan die Nerd, dan gaan ek – so vinnig dat jy net 'n stofstreep sal sien."

Hy trek sy FW-boeke nader. "Slegte nuus, Nieks: Nolan die Nerd is die heel laaste ou wat jy die week voor die rekordeksamen in 'n fliek gaan kry. Hy swot heel moontlik op sy bed sodat hy minder tyd mors as hy tussenin moet slaap. So jy sal maar net eenvoudig vyfuur saam met mý 'n burger moet gaan eet."

Sy sit die glase met 'n gekletter in die kombuiswasbak neer en toe Jack Johnson se stem stil word, verander sy die speellys en gaan weer voor die esel sit. "Môre maak ek finaal klaar met die selfportret." Sy gluur na hom. "En môreaand gaan ék fliek, Zacharias Meyer."